

# Koringfokus Wheat focus

VOL 42.6

NOVEMBER • DECEMBER 2024

**Johan Willemse sê  
BEMARKING IS RISKANT**

**PAN-koring word SAS-koring**

*SAWCIA takes over from WCT*



# 'n Wenresep vir kanolasukses



## KONVENTSIONEEL

**DIAMOND  
QUARTZ**

## TRIASIEN-TOLERANT

**ALPHA TT  
HYTTEC TROPHY  
AGASTRA TT  
HYTTEC TRIFECTA  
HYTTEC VELOCITY**



**NUSEED CERES IMI**

*Clearfield® is 'n geregistreerde  
handelsmerk van BASF.*

**Takke:**  
Joostenberglakte: 021 981 1126  
Cradock: 087 365 0010

**George:** 087 354 1028  
**Howick:** 033 330 2765  
**Kimberley:** 053 841 0675

**Piketberg:** 087 365 3025  
**Port Elizabeth:** 041 373 9894  
**Potchefstroom:** 018 294 7470

**Pretoria:** 012 803 6033  
**Swellendam:** 087 359 3236  
[www.agricol.co.za](http://www.agricol.co.za)



#### COVER

Benefitting from favourable weather conditions, the winter crop is promising in most regions. The Crop Estimates Committee projected the harvest 2,682 million tons, slightly lower than the previous season's crop. For canola the largest harvest is expected and oats production has increased. The CEC's fifth production forecast for winter cereals will be released on 19 December 2024.

#### Wheat Focus / Koringfokus

Six issues per year published.

Contents determined in co-operation with industry role players such as the ARC-Small Grain, SA Grain Information Service and SA Grain Laboratory.

Wheat Focus is available to bona fide small grain producers free of charge.



**MEDIAKOM**

#### Publisher and owner

Contact details for editorial contributions, advertisements and subscriptions:

**Mediakom**

**PO Box 20250**

**Noordbrug**

**2552**

Tel: 018 293 0622

info@mediakom.co.za

www.mediakomcc.co.za

**EDITOR:** Willie Louw

**ADVERTISEMENTS:** Jana Greenall

011 476 3702 / 082 780 9914

**DESIGNER:** Mercia Venter

- studio.chatnoir@gmail.com

© Copyright: All rights reserved in pursuance of Article 12(7) of the Act on Copyright 1978 and any amendments. All trademarks, brand names, graphic images and photographs are the property of their respective owners. Opinions and claims expressed in articles and advertisements do not necessarily portray the opinion of the publisher and contributors, nor that of organisations involved.

# Koringfokus Wheat focus

VOL 42.6

NOVEMBER • DECEMBER 2024

THE INDEPENDENT SPECIALIST MAGAZINE  
FOR THE SMALL GRAIN INDUSTRY FOR THE  
PAST 42 YEARS



## AGRI-INFO

- 4 Koringbedryf se wye belange en sorge hou Forum besig
- 5 Kanola se geel kry vastrapplek in die noorde
- 7 Van PAN-koring na SAS-koring: Pannar se koringsake is oorgeneem
- 8 New body SAWCIA takes over from WCT
- 9 Witkoring word nog getoets en bly op die horison
- 11 Caledon blink uit as graanboer
- 12 Landboufees in die Overberg lok voete en rande
- 13 New statutory levies on wheat, barley and oats
- 14 Crop quality survey: Local wheat crop quality of the 2023/24 season
- 16 Laboratorium vir saadlewe versterk maatskappy se kundigheid
- 18 Met chemie en biologie in balans kan grond gesond gehou word
- 19 Treatment system manages waste liquids, supporting responsible agriculture
- 21 Promosie: Om die regte variëteit te kies is nie altyd maklik nie
- 22 Promosie: New Holland het oplossings vir hooi- en voermaak
- 24 Plaaslike teling is noodsaaklik vir koringkultivars, sê suksesvolle teler
- 26 Promotion: Cultivating a better world starts today
- 28 Chamber of Baking: Significant challenges but noteworthy achievements
- 30 Landboukrywers vereer drie presteerders
- 30 Koring se opbrengswenners in 'n moeilike seisoen



## SMALL GRAIN

- 20 The key to high wheat yield



## MARK-INFO

- 10 Koringbemarking is riskant
- 29 SAGIS: Wheat market information: 2023/24 marketing year

### TAKE NOTE




Due to delivery problems with traditional mailing services subscribers and readers are requested to send their e-mail address to info@mediakom.co.za for electronic delivery of WHEAT FOCUS - KORINGFOKUS.



Vrystaat se landboukundige

24



Contaminated waste water

19



Kanola in die noorde

5



# Koringbedryf se wye belange en sorge hou Forum besig

Die Koringforum het in die afgelope jaar aandag gegee aan sake wat onder meer verhandeling kan bevoordeel, vir produsente meer geleenthede skep en die befondsing van bedryfsake soos navorsing en kultivarontwikkeling verbeter. Die voorsitter, dr André Jooste, het die rolspelers ook herinner aan die Forum se mandaat en waardes.

**S**ommige sake bly steeds op die bestuur en werkgroepe se sakelys, hoofsaaklik omdat ander bedrywe daardeur geraak word en konsensus nodig is of omdat rolspelers wat nie direk by die koringbedryf betrokke is nie met rompslomp die oplossings vertraag.

Weens die wye samestelling van die Koringforum, wat handelaars, produsente, regeringsdepartemente, verwerkers, navorsers en private maatskappye insluit, is konsensus onder die rolspelers moeilik haalbaar en tree belanghebbendes ook afsonderlik op om oplossings en voordele te vind.

Jarelange pogings om een forum tot stand te bring vir die afsonderlike forums van mielies, koring, sorghum en olie-saadgewasse kry steeds aandag. Die betrokke taakspan se werk om oorvleuelende sake uit te skakel en koste te verminder gaan voort en daar word met verwagting na hulle aanbevelings uitgesien.

In sy voorsittersverslag het dr Jooste onder meer verwys na ontwrigtende natuurverskynsels, handelsake soos die invoertarief se tydskedule en formule, bekendmaking van invoerplanne en navorsing oor die opberging van moutgars.

Die regering van nasionale eenheid bied volgens dr Jooste 'n goeie kans vir nuwe geleenthede en die bedryf sal proaktief moet wees om dit te kan te benut. Hy het die nuwe minister van landbou, John Steenhuisen, se herbevestiging van die belang van die meesterplan vir landbou en landbouverwerking, AAMP, verwelkom.

Die AAMP is vir alle rolspelers in landbou belangrik en dit is 'n goeie en weldeurdragte plan, sê dr Jooste. Dit is verblydend dat die minister nie opnuut 'n nuwe plan met konsultasies wou ontwikkel nie.

Hy het verwys na ontwrigtende natuurverskynsels wat met die klimaat verband hou en meer dikwels en in korter tussenposes voorkom. Dit beïnvloed plaaslike en internasionale voedselsekerheid. Sulke gebeure ontwig voedsel se voorsieningsketting soos in die afgelope twee jaar ervaar is en Suid-Afrika behoort hom beter daarop voor te berei.

Dr Jooste sê die koringbedryf sal meer aandag aan kunsmatige intelligensie en tegnologiese vooruitgang moet gee. Kunsmatige intelligensie gaan die hele omgewing op alle vlakke

van die hele waardeketting in die toekoms verander, nie net in die verwerking van produkte, met teling en op plaasvlak nie.

'n Positiewe en afgehandelde saak is die afkondiging van 'n statutêre heffing om finansiële ondersteuning te gee aan bedryfsnavorsing en inligting sodat die bedryf internasionaal mededingend kan wees. Dit ondersteun ook ontwikkelende produsente en transformasie.

Die heffing word deur die nuwe Wintergraan-bedryfsagentskap SAWCIA geadminestreer en vervang die vorige stelsel van vrywillige heffings aan die Wintergraanbedryfstrust, SAWCIT. Weens die voordele daarvan word die instelling van SAWCIA volgens dr Jooste deur almal in die bedryf verwelkom.

Voortdurende verdragings met die afkondiging van die invoertarief op koring en die formule waarvolgens die verwysingsprys bereken word bly 'n kopseer in die bedryf. Nie alle partye in die Forum se bestuurskomitee stem met die twee voorstelle saam nie. Sommige lede van die Koringforum meen dat die afkondiging outomaties en soos die brandstofprys op vasgestelde tye moet geskied.

Graan SA en die handelaarsvereniging Sacota beplan 'n aansoek by die kommissie vir internasionale handelsadministrasie Itac oor die invoertarief. Indien die versoek goedgekeur word kan die tarief volgens die graanhandelaarsvereniging Sacota binne 21 en 23 werksdae afgekondig word. Tans neem dit meer as 50 dae. Dr André van der Vyver van Sacota sê die verwysingsprys behoort van die huidige \$279 tot \$289 aan te pas te word.

Bekendmaking van voornemens om koring in- en uit te voer haak ook vas weens riglyne van die Mededingingskommissie. Verteenwoordigers van belangegroepe in die Koringforum, soos produsente, handelaars, meulenaars en bakkers, is nie eenstemmig oor die voorneme om die inligting vooraf bekend te maak nie. 'n Vergadering met die Mededingingskommissie is op kort kennisgewing gekanselleer.

Verskeie inisiatiewe oor bedryfsnavorsing vind volgens dr Jooste in ooreenstemming met die Koringforum se doelwitte vir koring, gars en hawer plaas. Verskeie nuwe kultivars is in 2024 goedgekeur en word in 2025 vrygestel, wat insluit twee van Corteva Pannar Seeds vir die suidelike produksiegebied,



# Kanola se geel kry vastrapplek in die noorde

Kanola se prysvoordele, die alternatief wat dit as wisselgewas bied, asook nuwe geleenthede vir produsente en die landbouthoofte verhoorsaak dat geel kanolalanderye in noorde van Suid-Afrika 'n bekende gesig kan word. Só 'n nuwigheid het egter ook uitdagings, sê die man wat glo aan die potensiaal om kanola in die noorde te verbou.

Jaco Strauss van Strauss Seed & Co was aan die stuur van 'n kanolaboeredag op Klipfontein naby Mashishing (Lydenburg) in Limpopo. Saam met die moontlikhede van 'n 'nuwe' gewas is hy verras en bly oor ondersteuning wat hy uit alle oorde in die land kry om kanola hier te vestig.

Graan SA, universiteite, die Wes-Kaapse departement van landbou en landboumaatskappye het tot dusver ongelooflike hulp verleen, sê Strauss wat reeds van 1996 af in die saadbedryf is. Ná die eerste boeredag waar sowat 150 belangstellendes was, die goeie kanola-oes van 2023 en groter belangstelling in die tweede seisoen van kanolaverbouing, glo hy kanola onder besproeiing het 'n plek in die noordelike provinsies.

Opbrengsdata na 2024 se oes einde Oktober is volgens Strauss belowend, veral as in aanmerking geneem word dat dit begintye is en dat proefnemings gedoen word. Waar dit goed gegaan het, soos met die regte bemesting en watertoediening, was die gemiddelde opbrengs 3,37 t/ha en sommige produsente het 4 t/ha gehaal. Waar produsente egter moes inboet is opbrengste van sowat 1,8 t/ha gekry.

Faktore soos die plantestand en bemesting word nog beproef en die regte variëteite moet gekies word. Baie produsente het maar half in die duister geplant, met verwysing na 'n tekort aan ervaring en toepaslike inligting.

Die meeste inligting van die jongste oes kom uit Mashishing se distrik maar daar is ook in ander distrikte aanplantings van waar hy inligting verwag. Strauss sê meer boeredae word beplan by onder meer Brits en Delareyville, selfs groter as die een van September 2024 naby Mashishing.

Water wat met 'n kraan oop- en toegedraai kan word teenoor droogtes of uitermatige reën in die suide is 'n voordeel, sê Strauss. Die noorde se warmer klimaat is ook gunstig, maar koue en veral ryp kan 'n probleem veroorsaak. Daarom plant hy

kultivarproewe sodat hulle 'n nuwe leerskool vir kanola kan kry.

Produsente in die distrikte van Mashishing, Ohrigstad, Brits en Modimolle (Nylstroom) het volgens Strauss sowat 1 500 ha kanola onder besproeiing geplant en ander produsente stel ook daarin belang. Sommige produsente het vanjaar 'n tweede seisoen se aanplantings gedoen. Die graan word deur GrainVest en TWK Bemarking aan verwerkers bemark.

Saam met die voordele wat kanola bied, het produsente dit as alternatief vir koring oorweeg. Hulle redes is die statiese prys van koring, verhoogde koste van insetmiddele en reën in strooptyd. Kanola het ook voordele soos die verbetering van grond se vrugbaarheid en bekamping van onkruid.

Tot dusver het kanola nie siekteprobleme in die noorde gehad nie, maar dit is 'n risiko vir die toekoms. Bewese kultivars soos Quartz en Diamond is meestal geplant en weens die moontlikheid van koue en ryp kan kultivars met korter groei-periodes oorweeg word.

'n Ander nuwigheid van kanola vir besproeiingsprodusente is die fyn saad en grondvoorbereiding, veral vir aanplantings in geenbewerkingstelsels. Produsente het gevind dat kanola in onbewerkte sojaboonlande geplant kan word maar by onbewerkte mielielande was diswerk nodig.

Landboukundiges soos Piet Lombard sê kanola pas as wisselbougewas goed in by produsente in die noorde se stelsels. Enige plek waar koring geplant word is ook vir kanola geskik.

Sover dit hulp en raad betref, sê Strauss hy is bykans daagliks met Lombard van die Wes-Kaapse departement van landbou in verbinding en dat Heleen Viljoen van Graan SA baie hulpvaardig met finansiële sake is. Tydens die boeredag het dr Lisa Rothmann van die Universiteit van die Vrystaat saam met verteenwoordigers van landboumaatskappye as sprekers opgetree. 🌱

## Koringbedryf se wye belange en sorge hou Forum besig

VAN BLADSY 4

vier van Syngenta Sensako vir besproeiing, drie van Lima Grain en een van Agricol. Dit skep nuwe vooruitsigte vir produsente in die verbouing van wintergraan, sê dr Jooste.

Die verlies van miljoene rand in die afgelope ses seisoene weens die opberging van moutgars wat na voergars afgegradeer is het gelei tot 'n navorsingsopdrag om garskultivars se opbergingseienskappe te ondersoek. Die samewerking van CenGen, SAB en SABBI is belangrik vir die voortgang van die projek.

Die kortingstelsel waarvolgens Suid-Afrika se buurlande, Botswana, Eswatini, Lesotho en Namibië koring slegs vir huis-

houdelike gebruik mag invoer om Suid-Afrika se meulenaars en verwerkers te beskerm, geniet met behulp van die inkomstediens SARS verder aandag. In teenstelling met regulasies word sulke koring in buurlande tot produkte verwerk en weer na Suid-Afrika uitgevoer.

Die voorgenome paspoortstelsel en handelsooreenkomste, soos die tariefvrye kwota aan die Europese Unie, Transnet se spoorvervoer en hawelogistiek en 'n navorsingsprojek oor moutgars, was volgens dr Jooste se voorsittersverslag op die bestuurskomitee en werkgroepe se sakelys. 🌱





# SA SEED DEVELOPMENT

# VERKRYGING

## VAN DIE PANNAR SAAD-HANDELSMERK SE KORINGPORTEFEULJE

SA Seed Development het met trots die koringportefeulje van **Pannar** Saad oorgeneem.

Hierdie stap verseker dat boere **steeds toegang het tot dieselfde betroubare koringkultivars, met voortgesette nasionale ondersteuning.** Alhoewel die naam verander het, bly die **kwaliteit en prestasie waaraan jy gewoond is, onveranderd.**

**Ons toegewyde span landboukundiges staan gereed om voort te gaan met die lewering van topgehalteprodukte en uitstekende diens om jou boerderysukkes te verseker.**

**NUWE NAAM**  
**DIESELFDE BETROUBARE**  
**KWALITEIT**

Meer inligting

[www.saseed.co.za](http://www.saseed.co.za)

### Tegniese vrae en inligting

Dr. André du Toit, Navorsing en Ontwikkeling Direkteur

**e-pos:** [andre@saseed.co.za](mailto:andre@saseed.co.za)

**Foon:** +27 82 550 6019

### Verkope en verspreiding

Arné du Toit, Algemene Bestuurder & Verkope en Distribusie Direkteur

**e-pos:** [arne@saseed.co.za](mailto:arne@saseed.co.za)

**Foon:** +27 82 376 8991

### Algemene vrae en inligting

Terry Tintinger, CEO

**e-pos:** [terry@saseed.co.za](mailto:terry@saseed.co.za)

**Foon:** +27 82 413 7508



# Van PAN-koring na SAS-koring: Pannar se koringsake is oorgeneem

Die voorsiening van Pannar Seed se koringkultivars gaan sonder 'n onderbreking voort nadat 'n nuwe maatskappy, SA Seed Development, die koringsake by Pannar Seed oorgeneem het en die momentum van koringteling wil voortsit.

**D**ie oornam het 1 Oktober 2024 plaasgevind. Huidige saadproduksie by Pannar word na SA Seed Development oorgedra en die toekomstige verwerking en verpakking skuif van Kroonstad na Hartswater in die Noord-Kaap. Die regte vir kiemplasma in Pannar Seed se kiemplasma-bank en die koringnavorsingstasie by Bainsvlei buite Bloemfontein is saam met personeel in die navorsingsafdeling by die ooreenkoms ingesluit.

Ervare kundiges in die koringbedryf is aan die stuur van sake by SA Seed Development. Dr André du Toit, voormalige koringteler by Pannar Seed en hoof van die maatskappy se koringsake in Afrika, is een van die direkteure by SA Seed Development en sit sy navorsing voort.

SA Seed Development word deur SA Peanuts besit en is een van die boer en entrepreneur Alfons Visser van Hartswater se familie-ondernemings, Visser Farming. Benewens SA Peanuts bedryf die familie ook SA Pecans en Terradam. SA Seed Development se uitvoerende hoof is Terry Tintinger en die algemene bestuurder en direkteur van verkope en verspreiding is Arné du Toit.

Dr André du Toit sê koring sal 'n fokus in die onderneming wees. Die verskuiwing na Hartswater verminder saad se vervoerkoste en verkort die verwerkingstyd. By die verwerkingsaanleg kan personeel en toerusting nou meer produktief en afwisselend aangewend word omdat die gewasse se seisoene verskil.

Die enigste verskil met saad wat produsente in die toekoms gaan sien, is dat die voorvoegsel PAN met SAS vervang sal word, PAN 123 word gevolglik SAS 123. 'n Kultivar se nommer bly dieselfde.

Pannar Seed se koringmark is sedert 1988 opgebou en die kultivars geniet 'n marktaandeel van sowat 70% in besproeiingsgebiede, sê dr Du Toit. Hy en sy navorsingspan verskerp hul ontwikkeling van droëlandkultivars vir winterkoring in die Wes-Kaap.

Dr Du Toit is reeds langer as 20 jaar in koringteling betrokke en neem die kundigheid van Pannar Seed se navorsingspan saam met hom terwyl nuwe personeel by hulle aansluit. Sy vindingryke aanpassings van produksiepraktyke, soos laer



**Alfons Visser, boer en entrepreneur van Hartswater.**



**Dr André du Toit.**

saaidigthede, het reeds gesorg vir voordele aan produsente, soos verminderde risiko's, hoër opbrengs en verlaagde koste van saad per hektaar.

Danksy internasionale bande en samewerking en die ontginning van kiemplasma kan nuwe kultivars ontwikkel word uit markte soos Europa, Mexiko, Rusland en die VSA. Dr Du Toit sê hulle ondersoek nuwe tegnologie vir saadkwaliteit, soos biologiese produkte om plaaslike produsente se risiko's te verminder.

As uitvoerende hoof van SA Seed Development sê Terry Tintinger hulle strewe daarna om die uitstekende saadkwaliteit en reputasie wat Pannar in die koringbedryf opgebou het, voort te sit.

"Ons doel sal wees om die volhoubaarheid en winsgewendheid van al die koringprodusente in die land te bevorder, deur die produksie van huidige en nuwe kultivars en die aanwending van tegniese ondersteuning."

Corteva sê hulle besluit om Pannar se koringsake te ontbondel ondersteun die maatskappy se groter groeistrategie van volhoubaarheid. Volgens Nick Gobler, Corteva Agriscience se saadbestuurder in Suid-Afrika, is hulle verbind tot 'n oorgang wat tot voordeel van werknemers, kliënte en gemeenskappe in die koringbedryf sal wees. Vir die stap het hulle noukeurig 'n organisasie gekies wat geposisioneer is om oplossings van hoë kwaliteit aan die bestaande kliënte te voorsien. ♡



# New body SAWCIA takes over from WCT

A new industry body, the SA Winter Cereal Industry Agency (SAWCIA), will collect statutory levies on wheat, barley and oats, taking over from the interim solution provided by the South African Winter Cereal Industry Trust (SAWCIT) since the collapse of the Winter Cereal Trust (WCT).

**Mariana Purnell**  
CONTRIBUTOR

Since the deregulation of the agricultural marketing boards in the mid-1990s, statutory industry levies have become vital to maintain certain important functions for the agricultural industry in South Africa.

The most recent body to serve the industry is a new non-profit company, SA Winter Cereal Industry Agency (SAWCIA) which was formally established on 1 October 2024. The statutory levies, recently approved, will thus be collected and administered by SAWCIA.

The collection of these funds provides financial support for scientific, economic, technical, and industrial research that enables the agricultural value chain to remain internationally competitive. The funds have also supported developing farmers and students wishing to study agriculture. Overall, the levies have ensured food security by contributing to new and advanced technologies. All the stakeholders, from producer to consumer, therefore benefit.

Since 2020, South Africa's grain industry has witnessed a revolution in the administration of levies intended to support the winter cereal industry - over a period of four years there have been three bodies that have fulfilled this role, namely the Winter Cereal Trust (WCT), the South African Winter Cereal Industry Trust (SAWCIT) and now SAWCIA.

They have all been responsible, respectively, for the collection of levies from buyers, processors, importers, exporters or persons issuing a silo certificate when the grain is sold or delivered, and the subsequent distribution of funds to beneficiaries.

Six trustees from various segments within the value chain have been appointed by the industry role players to serve on SAWCIA and one representative will be appointed by the Min-

ister, bringing the total number of trustees to seven. Together they will decide, manage and control the use of the levies on behalf of the industry.

The Agricultural Industry Trusts unit of the National Agricultural Marketing Council (NAMC) is responsible for facilitating effective communication between the agricultural industries and the Minister of the department of agriculture. Among other things, the Agricultural Industry Trusts unit is expected to facilitate the process of the appointment of a ministerial representative. Nominations for such a representative closed on 20 September 2024 but to date no incumbent has been announced for the position on SAWCIA. The term of the ministerial representative is three years and he/she may serve a maximum of two consecutive terms, but the reappointment is subject to their performance and commitment in the first term.

The predecessor of SAWCIA was the South African Winter Cereal Industry Trust, SAWCIT, which was established by the industry as an emergency measure for the collection of voluntary winter cereal levies, starting in 1 October 2020. The grain industry formed SAWCIT following concerns about the governance of the Winter Cereal Trust and because of a decision by the National Agricultural Marketing Council not to recommend the industry's application for continuation of a statutory levy to the Minister. Industry's application cited several conditions that were deemed essential for the successful functioning of the WCT.

The subsequent lack of a statutory levy led to the WCT becoming dysfunctional, putting the research projects of many scientific organisations in jeopardy and negatively affecting all role players within the winter cereal industry. Industry's response was therefore to put in place a similar body, namely SAWCIT, which committed to collecting voluntary levies in the absence of a statutory levy.

Once established, SAWCIT commenced with the voluntary





**Table 1. Trustees of the South African Winter Cereal Industry Trust (SAWCIT).**

| REPRESENTATIVE BODY                                         | TRUSTEE                        |
|-------------------------------------------------------------|--------------------------------|
| Grain SA (GSA)                                              | Richard Krige (Chairperson)    |
| National Chamber of Milling (NCM)                           | Boikanyo Mokgatle (Vice-Chair) |
| South African Chamber of Baking (SACB)                      | Craig Binnion                  |
| South African Cereal & Oilseed Traders Association (SACOTA) | Dr André van der Vyver         |
| Agbiz Grain                                                 | Wessel Lemmer                  |

collection of levies on wheat, barley and oats, starting in 1 October 2020. In this way, industry could still financially support market and production related scientific and technical research in respect of the winter cereals industry of South Africa.

Following protracted legal battles between industry trustees and ministerial trustees, the WCT will now close and this interim arrangement now comes to an end. However, with the recent formation of SAWCIA and the new Minister's approval of these statutory levies, there will once more be financial support for winter cereal information as well as research and transformation functions. The winter cereal industry identified these aspects as essential and in the interest of the industry.

These functions ensure food security, technological improvement, greater market transparency and integrity, as well as the monitoring of grain quality. This forms the cornerstone on which South Africa's free market is based to increase the industry's international competitiveness.

SAWCIA will thus resume with the functions of the Winter Cereal Trust as originally intended when it was formed and inclusive of all the subsequent modifications to its trust deed over the years. The founder and the trustees first entered into a deed of trust in November 1997, and later amendments were made in March 1999, March 2000, October, May 2005 and again in July 2008.

At that stage, the trust deed made provision for twelve trustees - one representative each from the producers of wheat and barley, grain handlers, representative of bakers and consumers, processors of winter cereal, and six representatives proposed by the minister of agriculture.

The trust deed could only be amended if all the trustees were in favour of such amendment at a meeting specially convened for this purpose and the chairperson had a casting vote.

However, with six non-industry role players as trustees, issues of great importance to the winter cereal industry were not always at the forefront of decision-making and consultation with the Research Technical Committees was often overlooked or recommendations overruled.

SAWCIA will receive statutory levies with regard to winter cereals in terms of the Marketing of Agricultural Products Act, 1996 (Act 47 of 1996) and authorise expenditure. This means SAWCIA will act in the capacity of levy administrator for the implementation, administration and enforcement of the levy to:

- financially support scientific, economic, technical, or industrial research;
- support the procurement and maintenance of information required by the industry; and
- broaden market access in respect of winter cereals in South Africa.

SAWCIA will also provide assistance to emerging farmers that are producers of wheat, barley and oats in order to improve capacity to start and manage agricultural operations. These funds are also intended to financially support the administration of the Wheat Forum, an industry body that meets annually to report on pertinent matters discussed by its steering committee that consists of directly affected groups. Less than 10% should be spent on administration.

The Act stipulates that approximately 70% of levy income be spent on functions relating to research and information for the benefit of the production, processing and other value-adding industries in South Africa. The most critical functions funded by industry levies are the South African Grain Laboratory (SAGL), the South African Grain Information Service (SAGIS), as well as a variety of research and transformation projects. Researchers and research institutions will therefore once again be invited to submit funding applications for research to the Trust on an annual basis.

At least 20% of levy income must be ringfenced for transformation. The transformation activities are divided up into various categories with more than half of the 20% intended for enterprise development. The rest must be used as follows: 20% for skills development and about 30% set aside for activities like employment equity, management control, preferential procurement, socioeconomic development and ownership. The NAMC requires that the funds will be accounted for in a transparent manner and that a transformation business plan must be submitted and approved by the NAMC annually. 🌾

## Witkoring word nog getoets en bly op die horison

**D**it kan nog etlike jare duur voordat witkoring se kultivars kommersieel beskikbaar is. Dit vereis egter voorbereidings soos met opberging en opvoeding van verbruikers. Witkoring kan positief vir die bedryf wees en 'n wen-situasie skep, sê Wayne Rosewall van die Suid-Afrikaanse Meulenaarskamer.

Tydens die Koringforum se vergadering het Rosewall namens die forum se tegniese komitee gesê evaluering van witkoring is belowend en as dit deur verbruikers aanvaar word sal verbruik toeneem. Wanneer sulke kultivars finaal vrygestel word kan dit nog twee tot drie jaar voor kommersiële vrystelling neem.

Die koste vir die opberging van witkoring mag egter problematies wees indien daar nie genoeg produsente in 'n gebied is wat witkoring verbou nie. 'n Sekere hoeveelheid van hierdie koring sal nodig wees vir kostedoeltreffende opberging.

Sommige witkoringkultivars lewer hoër opbrengste en die integrasie daarvan in die Suid-Afrikaanse mark regverdig meer aandag. Witkoring is sagter en het volgens ontledings dieselfde voedingswaarde as rooikoring. Produkte van witkoring is ligter van kleur en kan soeter smaak. Dit word hoofsaaklik vir suurdeeg, meel vir banketgebak en noedels gebruik. 🌾



# Koringbemaring is riskant

Die nuwe koringbemaringseisoen het 1 Oktober 2024 met heelwat onsekerhede begin. Die rand neig om sterker te word, wat invoer- afgeleide pryse en uiteindelik die Safex-prys laat daal, terwyl internasionale pryse met genoeg voorraad laag bly.

**Johan Willemse**  
MEDEWERKER

**L**andbou-ekonomie in die VSA is ook versigtig en huldig die mening dat die hoë landboukommoditeitspryse van die afgelope drie jaar in VSA-dollar nou teruggekeer het na meer normale of laer vlakke. Dié ekonomie verwag dat pryse vir 'n jaar of drie op hierdie vlakke gaan bly en laer gaan beweeg as VSA boere se produksiekoste.

Die sogenaamde “supersiklus” van landboukommoditeite wat met Covid-19 se ontwrigtings begin het en daarna weens die Russiese oorlog voortgeduur het, het nou gedraai.


Suid-Afrika is 'n permanente netto-invoerder van koring en nadat die Koringraad se beheer afgeskaf is, het plaaslike pryse die wêreldprys gevolg. Suid-Afrika voer jaarliks ongeveer 50% van die binnelandse koringverbruik in, hoofsaaklik deur Durban se hawe. Om sake verder te kompliseer word die meeste koring van sowat 1 miljoen ton in die Wes- en Suid-Kaap produseer.

**Tabel 1. Koringproduksiekoste Rûens, Wes-Kaap.**

|                                   |                |                |                |
|-----------------------------------|----------------|----------------|----------------|
| Direkte Koste (R/ha)              | 9840,0         | 9840           | 9840           |
| Vaste koste (R/ha)                | 3273,0         | 3273,0         | 3273,0         |
| <b>Totale Koste (R/ha)</b>        | <b>13113,0</b> | <b>13113,0</b> | <b>13113,0</b> |
| <b>Bruto inkomste R/ha</b>        | <b>14760,0</b> | <b>13776</b>   | <b>12300</b>   |
| Obrengs t/ha                      | 3,0            | 2,8            | 2,5            |
| <b>Marge bo totale koste R/ha</b> | <b>1647,0</b>  | <b>663,0</b>   | <b>-813,0</b>  |
| SAFEX prys R/t Des 2024           | 5800,0         | 5800,0         | 5800,0         |
| Aftrekkings                       | 880,0          | 880,0          | 880,0          |
| Produsente prys R/t               | 4920,0         | 4920,0         | 4920,0         |

Bron: Graan SA

**Figuur 1. Koringinvoer 2023/24-seisoen - 1,93 miljoen ton.**



SAGIS.

Die helfte daarvan moet dan teen groot koste van sowat R800/ton vir die koringboer na die noordelike koringmeulens vervoer word.

Die verpligte Safex differensiaal wat op alle Wes-Kaapse koring toegepas word, asof dit alles na Randfontein gaan, is 'n groot onekonomiese onregverdigheid. **Tabel 1** toon die aftrekkings en hoe ernstig die Wes-Kaapse boere van die Rûens gepenaliseer word. Ongelukkig is hier te veel gevestigde kommersiële belange wat groot voordeel uit die differensiaal kry.

Die gerealiseerde prys op die plaas maak dit dan moeilik om winsgewend volhoubaar te kan boer, veral waar Suid-Afrika se koringopbrengste heelwat laer is as die van mededingende invoerders. Rusland se opbrengs is gemiddeld ongeveer 3,2 t/ha, die Duitse opbrengs is nader aan 7 t/ha en Frankryk kry op droëland 6 ton/ha.

## Internasionale markfaktore

**Figuur 1** toon die herkoms van Suid-Afrika se koring in die vorige bemarkingseisoen (2023/24). In die nuwe seisoen behoort dit ongeveer dieselfde te wees. Die verwagte oes is sowat 1,98 Mt (vorige seisoen 2 Mt) en die nuwe seisoen se invoer word op ongeveer 1,9 Mt geraam.

Die verskaffers van ingevoerde koring behoort nie veel te verskil nie omdat hulle goedkoper koring lewer (**Figuur 2** met verskillende pryse). Sowat 66% van ons koring word uit Rusland, Pole en Lithuania ingevoer.

**Figuur 2** toon die invoerpryse van koring aan die begin van die nuwe seisoen (3 Oktober 2024), geland in Randfontein. Dit is duidelik dat Oosbloklande se koring en veral Russiese koring heelwat goedkoper ingevoer kan word as die heersende Safex-prys op 3 Oktober 2024.

Dit is ons dilemma: teen die huidige kostestruktuur en opbrengs op droëland in die Wes-Kaap is ons koringbedryf moeilik mededingend. Weens die klimaatrisiko is droëlandkoring uit die Vrystaat besig om uit te faseer nadat hulle in die afgelope jare minimale hoeveelhede droëlandkoring gelever het.


Terselfdertyd het die risiko van laat ryp in die Noord-Kaapse besproeiingsgebiede in onlangse jare soveel toegeneem dat versekeraars nie meer gewillig is om dekking te gee nie. Die resultaat is dat die Wes-Kaap sowat 60% van die land se koringproduksie lewer en gevolglik eintlik 'n kritieke rol in voorsiening speel.

Na verwagting gaan die internasionale koringpryse (in VSA dollar) in die volgende jaar basies sywaarts op die huidige vlakke beweeg tot aan die begin van 2025, volgens Rabobank - die wêreld se grootste landboufinansierder.

Gegewe dat sowat 55% van Suid-Afrika se binnelandse koringverbruik van 3,5 Mt ingevoer moet word, beteken dat die



**Figuur 2. Koringprys in Randfontein op 3 Oktober 2024.**



SAGIS.

**Figuur 3. Die koringtarief se dilemma R/t.**



SAGIS.

binnelandse prys direk gekoppel is aan die prys van invoer (**Figuur 2**). Die lae internasionale pryse druk plaaslike pryse laer en veroorsaak 'n dilemma, veral as VSA dollarpryse na verwagting nie gaan styg nie.

### Invoertarief en koste

Die koringinvoertarief is na baie onderhandelinge deur Graan SA waarskynlik reeds 'n dekade gelede ingestel. Die beginpunt is 'n verwysingsprys van \$279/ton, gebaseer op VSA harde rooi koring en vry aan boord Golf hawens. Die argument was destyds dat dit vergelykbare koring van goeie kwaliteit is, soortgelyk aan Suid-Afrikaanse koring. Indien die prys dus laer as verwysingsprys van \$279/ton daal, moet dit gestut word met 'n invoertarief om dit basies terug te neem na die verwysingsprys. Daar is 'n bewegende gemiddelde prysformule en ander faktore waarop nie nou uitgebrei word nie. Die invoertarief was sedert 2023 vir 'n lang tydperk nul.

Op 2 April 2024 het die formule aangetoon dat 'n invoertarief van R176,29/ton ingestel moet word, ongeag die koring se oorsprong. Die departement van handel en nywerheid is soos baie

ander staatsdepartemente baie treurig in die toepassing van beleid. Die invoertarief is eers op 16 Julie in die Staatskoerant afgekondig, met ander woorde meer as vier maande laat. Ingevoerde koring was gevolglik vir etlike maande "te goedkoop", wat Suid-Afrika se produsentprys afgedruk het.

Teen die einde van Mei 2024 het die formule aangetoon dat die invoertarief nie nodig is nie omdat wêreldpryse gestyg het. Op 6 Augustus 2024 is die tarief opgehef en sedertdien word koring tariefvry ingevoer. Wêreldpryse het intussen weer gedaal en op 2 Julie 2024 moes 'n tarief van R421/ton ingestel word, maar op 8 Augustus 2024 was die tarief weer nul, waar dit nog steeds is.

Op 1 Oktober 2024 was die invoertarief volgens die formule veronderstel om R183,48 per ton te wees. Dit word aangepas soos wêreldpryse verander, gegewe 'n bewegende gemiddeld van drie weke. Die tarief is egter nog steeds nul.

**Figuur 3** ton die verloop van Safex-koringpryse en die invoertarief en wat dit veronderstel was om te wees.

Kortom, die nie-toepassing van die

NA BLADSY 12

## Caledonner blink uit as graanboer

**J**ean van Niekerk van die Wolfkraal Landgoed in Caledon se distrik was een van drie finaliste vir Graan SA se toekenning van 2024 se Graanboer van die Jaar. Hy bedryf sedert 1995 'n graan- en skaapboerdery nadat hy voorheen as bestuurder in beheer van 'n soortgelyke boerdery gewerk het.

Die twee ander finaliste vir Graan SA en Syngenta se toekenning was Pieter van Zyl van Schweizer-Reneke en Gareth en Michael Allen van Middelburg in Mpumalanga. Laasgenoemde is tydens 'n galafunksie in Gauteng as die winners aangewys.

Van Niekerk het aanvanklik saam met sy pa geboer en in 2003 die leisels oorgeneem om met koring, gars en kanola op sowat 1 800 ha droëland te boer. Vir die veevertakking van sowat 5 000 skape plant hy lusern as weiding.

Uit ervaring het hy die voordeel van 'n wisselboustelsel ervaar om risiko's te verminder deur onder meer onkruid- en siektedruk te laat daal. Hy pas geenbewerkingspraktyke toe om die grondpotensiaal te verbeter en erosie te verminder.

Van Niekerk is 'n voorstander van plaasproefnemings met graan. Sy kultivarkeuse word deur onder meer opbrengs en siekteweerstand bepaal.

